

Jy kan gryswater en opgevangde reënwater met sukses gebruik om jou tuin te besproei. Sekere gryswaterstelsel-verskaffers kan 'n druptoevoer vanaf 'n reënwatertank installeer sodat die water stadig in die gryswaterstelsel inloop. Vra jou stelselverskaffer watter dienste en opvolginstandhouding by sy pakket ingesluit is.



5 Jy kan gryswater en opgevangde reënwater met sukses kombineer vir die besproeiing van jou tuin.

Wees wys!

Red ons stad!

Red ons omgewing!

Spaar drinkwater!

Wees deel van die oplossing
en installeer vandag nog 'n
gryswaterstelsel!

Nuttige inligting

STAD KAAPSTAD-HULPSENTRUM

Tel: 0860 103 089

Wenke en inligting oor waterbewaring, alternatiewe watergebruik, gebarste en verstoppe pype en oortredings van die Waterverordening

BOORGATWATER-VERENIGING VAN SUID-AFRIKA

Tel: 011 447 0851

Lys van boorgatkontrakteurs in jou omgewing

DEPARTEMENT WATERWESE

Tel: 012 336 8125/8046

Inligting oor gehalte van waterdraer/grondwater

KIRSTENBOSCH BOTANIESE TUIN

Tel: 021 799 8783

Wenke/inligting oor waterwys tuinmaak

WATERVERORDENING

Staatskoerant 6378: 01/09/06

ANDER PAMFLETTE IN HIERDIE REEKΣ:

- Inleiding tot alternatiewe waterhulpbronne (pamflet no 1 van 4)
- Boorgate/putte (pamflet no 2 van 4)
- Opvang van reënwater (pamflet no 4 van 4)

WATER EN SANITASIE



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU

HERGEBRUIK VAN GRYSWATER



Alternatiewe waterhulpbronne

Pamflet no 3 van 4



CITY OF CAPE TOWN | ISIXEKO SASEKAPA | STAD KAAPSTAD

HIERDIE STAD WERK VIR JOU



Wees deel van die
oplossing
Ons water, ons trots

Inleiding



Water is 'n skaars hulpbron in ons land en daar is voorspel dat die Wes-Kaap die eerste streek sal wees wat sonder water is tensy stappe gedoen word om die vraag na water doeltreffender te bestuur.

Wat is gryswater?



Gryswater word omskryf as water afkomstig van baddens, storte en handwasbakke. Afvalwater van kombuiswasbakke en wasmasjiene (tensy omgewingsvriendelike wasmiddels gebruik word) word uitgesluit vanweë die hoë vastestofinhoud en negatiewe impak van versagmiddels en ander ongewenste chemikalië op die omgewing.

Gryswater kan met sukses vir tuinbesproeiing gebruik word. Daar is baie gryswaterstelsels op die mark, waarvan sommige baie ekonomies is en maklik om te installeer.

Ons tuine verbruik tussen 30% en 50% van alle huishoudelike water wat gebruik word. As individuele watergebruikers gryswater gebruik, sal dit die druk op alle ander waterinfrastruktur verlig.

'n Gryswaterstelsel kan:

- Waardevolle drinkwater spaar
- Jou geld spaar en
- Die druk op ons naturomgewing verlig

Koppeling van jou gryswaterstelsel



Dit is maklik om 'n gryswaterstelsel aan die pype buite jou huis te koppel – jy kan dit sommer self doen of die verskaffer vra om dit te doen.

Die gryswaterstelsel-verskaffer sal jou gewoonlik voorsien van een of meer pype (tuinslange) en sproeiers wat deur die tuin versprei is, asook 'n pomp wat sterk genoeg is om gelyktydig deur twee sproeiers te pomp en tot 60 m² van jou tuin met een slag te dek.

Opgaar van gryswater



Die eerste gryswaterreël is om dit nie op te gaar nie. Opgegaarde gryswater kan 'n bron van patogene wees, wat 'n gesondheidsrisiko kan wees en ook aantastlike reuke afgee. Dit moet dus dadelik tuin toe gepomp word.

Indien gryswater opgegaar moet word, moet 'n watersuiweringsstelsel aangebring word.



Uitwerking van wasmiddels in gryswater op jou tuin



Onthou wanneer jy gryswater vir tuinbesproeiing gebruik, beland enige produk wat in die bad of stort gebruik is in jou tuin. Die meeste wasmiddels bestaan gewigsgewys tot 'n derde uit fosfate, wat dan in die grond sal versamel en oor ongeveer tien jaar van voortdurende gebruik toksies vir jou plante sal wees.

Dit is dus raadsaam om eerder omgewingsvriendelike wasmiddels te gebruik wat fosfaatvry is. Die verpakking van die meeste van hierdie wasmiddels toon aan dat dit omgewingsvriendelik is.

Jy kan ook soda-as of wassoda gebruik wat olie en vet in jou wasgoed net so goed sal emulsifiseer.

Jou gryswaterstelsel en reuke



Gryswater het wel 'n effense reuk wanneer dit vir besproeiing gebruik word maar dit verdwyn binne sekondes daarna.

Jou gryswaterstelsel-verskaffer sal jou van instandhoudingsaanwysings voorsien waarvolgens jy gewoonlik net 'n paar minute per week moet afstaan om te verseker dat jou gryswaterstelsel reukloos is.

Koppeling van jou bestaande besproeiingstelsel aan jou gryswaterstelsel



Moet nooit gryswater deur opwip- of sogenoemde "microjet"-sproeiers pomp nie. Selfs met 'n gevorderde filtreerproses sal die stelsel binne 'n kwessie van weke of selfs dae verstop raak. Dit is hoekom jou stelselverskaffer jou van die nodige pype, tuinslange en toebehoere voorsien om aan die gepaste sproeiers te koppel.

Gebruik van gryswater in 'n fynbostuin



Solank jy omgewingsvriendelike produkte in jou huis gebruik, bied gryswater water van 'n goeie gehalte vir jou fynbostuin.

- 1 Gebruik die regte sproeiers met jou gryswaterstelsel om te verhoed dat dit verstop raak.
- 2 Die huiseienaar kan maklik 'n ekonomiese gryswaterstelsel installeer.
- 3 Gryswater is water van 'n goeie gehalte vir die fynbostuin.
- 4 'n Gesofistikeerde gryswaterstelsel kan onder die grond begrawe word.